



## Weereens "Sosial Gospel"

Na aanleiding van 'n skrywe wat onder my aandag gekom het is dit dalk weereens nodig om onself te vergewis na wat die "Sosial Gospel" is en hoe dit vandag nog in ons eie land te werk gaan. Dit is duidelik dat daar steeds teoloë is wat dit nie begryp en raaksien wat dit behels en hoe dit in die gemoed en teologie van sommiges ingedring het nie. Ons sien dit vandag dalk net onder 'n ander begrip naamlik "die Ontluikende kerk" In duidelike baniere kan ons sien hoe hierdie begrip in die teologie en begrip van teoloë en ook kerkgroepe ingedring het.

Die "Social Gospel-beweging" is 'n Protestants-Christen intellektuele beweging wat sy meeste prominensie in die vroeë 20ste eeu die Verenigde State en Kanada gehad het. Die beweging het 'n Christelike etiek aan verskeie en dalk alle sosiale probleme toegepas, veral die kwessies van sosiale geregtigheid soos ekonomiese ongelykheid, armoede, alkoholisme, misdaad, rassspanning, krotbuurte, onrein omgewing, kinderarbeid, onvoldoende vakbonde, arm skole, en die gevaar van oorlog. Teologies het die *Social Gospel* aanhangers probeer om die "Ons Vader gebed" (Matthew 06:10) te verwesenlik wanneer daar gebid word: "Laat u koninkryk kom, laat u wil geskied op aarde soos in die hemel." Hulle het tipies post-millennialisties te werk gegaan. Dit beteken dat hulle geglo het dat die wederkoms nie kan gebeur nie, tensy die mens homself bevry van sosiale euwels deur menslike inspanning. Die "Social Gospel" was meer gewild onder geestelikes as leke. Sy leiers is hoofsaaklik verband hou met die liberale vleuel van die progressiewe beweging en die meeste was teologies liberaal, maar hulle was tipies konserwatief as dit kom by hul standpunte oor sosiale kwessies. Belangrike leiers sluit in Richard T. Ely, Josia Sterk, Washington Gladden, en Walter Rauschenbusch. (*vry vertaal uit Wikipedia, Sosial Gospel skrywer*)

Die gebruikmaking van en die toenemende betrokkenheid van die Kerk het voorwaar 'n omhelsing van die Vyand geword.

Die "ontluikende kerk" is nog in 'n sterk "groeï" fase in Amerika. Anders as vorige kerkbewegings wat soms jare neem voor dit populariteit wen, word dit in Suid-Afrika met oop arms ontvang. Die Teologies fakulteit van die Universiteit van Pretoria het hierdie beweging omhels – dit is ook duidelik dat die Kerk op die stadium hierdie beginsels op die kerkbanke tereg wil bring deur sy uitnodiging na en deelname aan 'n geleentheid by die Universiteit van Pretoria. In der waarheid dus 'n Sosial Gospel vir die Kerk

In wat tans beplan word en reeds op ander vlakke plaasvind is dat daar twee pole is wat mekaar aantrek, wat ek glo die pad gelyk gaan maak vir hierdie kerk beweging: (1) Intellektuele en Wêreld raamwerk heersend in die kerklike liggaam, (2) politiese en sosiale klimaat in Suid-Afrika.

As die vraag dan gevra word: "Waarom is Suid-Afrika 'n vrugbare groei bodem vir die saad van die "Ontluikende Kerk?" moet daar gesê word dat dit eerstens die grootskaalse relativisme in die kerk is waar persoonlike "waarheid" geld as die oppergesag as dit by maatstawwe kom veral kerk sake en tweedens die huidige sosiale en politiese faktore smag na 'n "kerk" wat sosiale en politiese reformasie kan meebring. Derdens is 'n geskiedkundige agtergrond vir die kerk aangegryp wat vreemd is aan en vir die werklike toedrag van sake; veral ten-opsigte van rasse diskriminasie het die "kerk" oorgretig geword om kwansuis 'n "wanbalans/e" te korrigeer. Die "Ontluikende Kerk" het dit hoog op die hart om sosiale en ekonomiese ongelykhede te takel deur 'n "Sosial Gospel/sosiale evangelie." Die "Ontluikende Kerk" wyk van die Bybelse mandaat af om 'n geestelike reformasie mee te bring eerder as 'n sosiale reformasie. Die "ontluikende kerk" is hoofsaaklik daarop gemik om eerder sosiale verandering mee te bring eerder as 'n geestelike verandering – d.w.s. verligting van sosiale probleme en materiële armoede geniet prioriteit alvorens die

“geestelike armoede” aanspreek word. Hierdie beginsel kan duidelik gesien word in 'n konsep program wat deur die Universiteit van Pretoria se departement Ou Testament aangebied gaan word met die Titel “Psalms and the poor”. Met die verwagting van mense (veral die kerk) om huidige ekonomiese armoede, VIGS en sosiale probleme op te los pas die teologie van die “ontluikende kerk” die beste by die prentjie in.

Die “ontluikende kerk” is baie “verkleurmannetjie-agtig” maar ek sal poog om slegs 'n paar eienskappe te noem. Die ekklesiologie van die Ontluikende Kerke sluit onder andere in:

1. Die epistemologie van die “Ontluikende Kerk” is tot in die kern post-modern d.w.s. die konsep van absolute waarheid word verruil vir die “gesag” persoonlike waarheid.
2. Die “ontluikende-kerk” is antagonisties teenoor enige beskrywings wat die kerk as 'n organisasie of instelling beskryf. Vêrder beskryf woorde soos gesprekke en vloeibaarheid die “ontluikende kerk” beter as woorde soos “struktuur” en organisasie.”
3. Die “nuwe” definisie van kerk: “plek waar daar mense bymekaar kom wat ‘geestelike gesprekke’ voer. . . in die koffie winkel, kroeg, nag-klub, rugby-veld of sitkamer. Sondagoggend kerk in 'n kerkgebou is iets van die verlede.
4. Die instelling van 'n ‘kerk’ is vloeibaar, want sodra die gesprekke beëindig word “spat” die instelling uitmekaar.
5. Die “samekoms” sal nooit twee-keer dieselfde vorm aanneem wanneer bymekaar gekom word nie.
6. Die kerk kan beter vergelyk word met kwiksilwer wat in duisend stukkies spat en dan op enige tydstep amalgameer in groepies en so word die proses herhaal.
7. Die Ontluikende beweging is ook gekant teen struktuur – vermy die woord “Kerk” en skans teen die gesaghebbende gebruik van die Bybel.

Gesien in die lig van die laaste stelling word genoem dat die rol van die Bybel as enigste maatstaf nie te vinde is nie. Die “ontluikende Kerk” hou vol by hul standpunt dat die Skrif nie

verstaanbaar en verklaarbaar is nie. Die Skrif moet gebruik word om die “big-picture” te kry, maar het as sulks geen gesag nie. Die gebruik van ander bronne – soos lewens-ervaring, Koran, Talmud, Q-Bron ens. word verwelkom. Die Bybel het geen objektiewe en gesaghebbende waarde nie want dit is bloot 'n kruk / rigting wyser vir die “lewens reis.”

Die historiese en gereformeerde siening van die “plaasvervangende-soen-offer” van Jesus Christus om versoening te bewerkstellig vir sondaars is nie populêr by ondersteuners van die “ontluikende kerk” nie. Die “morele voorbeeld” teorie van die offer van Jesus Christus is beskrywend van hul verlossings teologie.

Volgens Brian McLaren in 'n artikel, maak hy sy standpunt bekend oor kontroversiële sake soos homoseksualiteit en armoede. Hy glo die kerk moet wegbly van sulke sake want dit ‘vervreem’ mense van die kerk. Inteendeel hy is van opinie daar behoort 'n “moratorium” op die bespreking van homoseksualiteit (sodomie spesifiek) geplaas te word.

“Ontluikende Kerk” voorstanders soos Brian McLaren is nie verteenwoordigend van die volle spektrum van oortuigings in hierdie beweging nie. Inteendeel die “ontluikende Kerk” het liberale en konserwatiewe vleuels bv. Mark Driscoll. Hierdie dispariteit maak die waters troebel. Hierdie kort artikel slegs 'n oorsig van 'n paar van die eienskappe van die “Ontluikende Kerk” te beskryf.

Wat verder hierby gevoeg kan word en dalk op 'n stadium ook aandag sal moet kry is dat die Sosial Gospel se kwasi-teologie soos gesien in die Ontluikende kerke juis die grense vervaag tussen wedergebore en ongered, waar en vals, sonde en dit wat nie sonde is nie, heilig en onheilig, vlees en gees, natuurlik en bonatuurlik.

Waar eindig ons uiteindelik? Dalk juis by die program soos voorheen genoem waar temas geld soos:

- \* Psalm 72: Upholding justice as the authentic eradication of poverty
- \* "Poor David: A contextual and spatial perspective on being 'poor' in Psalms 9-14"

- \* Preaching the Psalms in contexts of poorness
- \* Reading Psalms in fractured cities: urban poems of praise and resistance
- \* Psalm 72: On the drumbeat of the struggle and Psalms

Oor elk van die eienskappe en punte genoem kan u maar self gaan oordeel. Ondersoek self waar u hierdie genoemde punte gaan aantref en wees eerlik oor wat die Bybel self hieroor te sê het.

*\*\*Daar is vrylik gebruik gemaak van artikels wat beskikbaar is op die internet, soms as aanhalings en soms as vrye vertalings. Erkenning word gegee aan die skrywers daarvan met dien verstande dat ek soms sinne aangepas en verander het vir die artikel.*

[www.wikipedia.com](http://www.wikipedia.com)

[http://www.truthexposed.co.za/index.php?option=com\\_smf&Itemid=2&topic=62.5:wap2](http://www.truthexposed.co.za/index.php?option=com_smf&Itemid=2&topic=62.5:wap2)